**OPENBARE BEKENDSTELLING VAN DIE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SE HOOP PROJEK**

www.diehoopprojek.co.za

**21 Julie 2010**

**Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier**

---

Hierdie dokument is op die internet verkrygbaar
by: www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html

---

Goeienaand, dames en here. Good evening. Molweni.

Welkom aan almal van u.

Gun my asseblief die geleentheid om eers ’n paar van ons spesiale gaste welkom te heet:

- Lede van die diplomatiese gemeenskap:
  - Me Alberta Mayberry, die konsul-generaal van die VSA
  - Me Irene Flüekiger, die Switserse konsul-generaal Kaapstad
  - Mnr Mridal Kumar, Kantoorhoof: Kaapstad, Hoë Kommissaris van Indië
  - Mnr Simon Tu, Direkteur-generaal, Taiwannese Skakelkantoor, Kaapstad
- Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering:
  - Mnr Donald Grant, Minister van Onderwys
  - Mnr Sakkie Jenner, Minister van Kulturele Sake, Sport en Ontspanning
  - Dr Ivan Meyer, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling
- Mnr Clarence Johnson, Adjunk-burgemeester, Kaapse Wynlande
- ’n Spesiale verwelkoming aan dr Max Price, Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Kaapstad
- Lede van die Raad van die Universiteit Stellenbosch, met inbegrip van die Voorsitter, dr Paul Cluver
- Lede van die Raad van Trustees van die Universiteit Stellenbosch
- Lede van die HOOP Projek se Advieskomitee, mnre Gys Steyn, Jannie Mouton en Thys du Toit
- Van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en Militêre Veterane, brigade-generaal Thancuxola Mandela en brigade-generaal NP Yam, ook kommandant van die Militêre Akademie in Saldanha
- Lede van die Universiteit se bestuurspan, dekane en akademiese inisiatief-leiers
- Lede van die media
- Vriende van die Universiteit Stellenbosch
- En ’n spesiale verwelkoming aan almal op kampus en oor die wêreld heen wat via videostroom op die internet by ons aansluit

Dames en here, ek is seker u sal met my saamstem die Libertaskoor het pragtig gesing. Hulle sal later weer terug wees om ons verder te vermaak.

Op dié noot, ons gelukwense ook aan die Universiteitskoor. Hulle is pas in Sjina by die Wêreldkoorspele as wêreldkampioen gekroon. Die US-koor het twee goue medaljes losgesing en van al 450 deelnemende kore die hoogste algehele punt behaal – ’n indrukwekkende 95,8%. Baie geluk aan koorleier André van der Merwe en sy koorlede. Julle het die Universiteit se naam hoog gehou.

Dames en here, soos u weet is ons hier om die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek bekend te stel. Die video waarna u pas gekyk het, het bietjie agtergrond hieroor gegee. Wat ek nou wil doen is

om uit te brei op die uitdagings waarvoor ons te staan kom en hoe ons van plan is om dit die hoof te bied. Ek het ook 'n verrassing vir u, maar meer hieroor later.

**WAT IS DIE HOOP PROJEK?**

As 'n universiteit het ons drie verantwoordelikhede.

Die eerste is 'n morele verantwoordelikheid. Gegewe ons geskiedenis het ons 'n morele verantwoordelikheid teenoor die armes en die landelike gemeenskappe, en teenoor 'n verskeidenheid individue in ons land.

Ons tweede verantwoordelikheid is die historiese verantwoordelikheid om die voortslepende probleme van die 20ste eeu aan te pak.

Die derde verantwoordelikheid is die verantwoordelikheid om die uitdagings van die 21ste eeu aan te gryp – die wêreld van 'n nuwe generasie jongmense, nuwe maniere van leer, nuwe navorsingsgeleenthede en die noodsaaklikheid om voortdurend nuwe tegnologieë aan te wend.

Die HOOP Projek is ons manier om hierdie verantwoordelikhede gestand te doen. Dit is ons nuwe langtermyn strategiese plan – en dit is ambisieus, omvattend en geïntegreerd.

Die HOOP Projek stel ons in staat om drie dinge te doen:

1. Om tot diens van die samelewing te wees deur sowel bestaande probleme as toekomstige behoeftes aan te pak.
2. Om die beste universiteit moontlik vir 'n nuwe generasie te wees.
3. Om ander aan te spoor om by ons aan te sluit in ons strewe om die wêreld 'n beter plek te maak.

Ons verbind ons aan hierdie aspirasies getrou aan die bestaansdoel van die Universiteit, "om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word, gedeel kan word, en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word" (US, 2000).

**DIE INLIGTINGSERA**

In die dekade sedert die aanbreek van die 21ste eeu het die lewe aan die voorpunt van die samelewing 'n paar van gister se wetenskapsfiksie-skrywers se wildste voorspellings oortref.

Namate ons vermoë om te kommunikeer en vinniger te reis toeneem, word die wêreld toenemend kleiner. In die wêrelddorpie waarin ons vandag leef, is ons almal baie na aan mekaar verbind.

Die wêreld word slimmer, met 'n mikroskyfie in elke denkbare toestel en intelligensie wat vir alles denkbaar, van medisyne tot biotegnologie, ingespan word.

Ons tydvak word die Inligtingsera genoem, ter erkenning van die feit dat die belangrikste kommoditeit nie meer 'n spesifieke natuurlike hulpbron of industriële produk is nie, maar kennis.

Kortom, die 21ste eeu het sy verskyning gemaak as 'n tyd van "superkompleksiteit" (Barnett). Dít is opwindend, maar ook uitdagend.

**WIE SE 21STE EEU?**

Wie se 21ste eeu gaan dit wees (Lange, 2010)? Nie almal leef tans in die 21ste eeu nie, ongeag wat op die kalender staan.

In groot dele van die wêreld is daar steeds 'n stryd om die basies behoeftes – genoeg kos om te eet en skoon water om te drink, 'n dak oor die kop, vrede en veiligheid op straat, 'n ordentlike werk met 'n billike salaris, en gehalte-onderrig vir kinders.

Slegs 'n minderheid van die mense in die wêreld en in ons land bevind hulle tans in die digitale era. Die meeste mense benodig steeds 'n brug na hierdie beter toekoms.

**OORSPRONG VAN HOOP**

Die idee van die Universiteit Stellenbosch as ’n plek van relevansie, ’n plek van betekenis vir die mense van Suid-Afrika en die res van die vasteland en die wêreld kan teruggevoer word tot die Universiteit se *Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná.* Die doel hiervan was om ons prioriteite in die lig van sowel die koms van ’n demokratiese bestel in Suid-Afrika as die aanbreek van die 21ste eeu en sy kennisgebaseerde ekonomie te herevalueer.

Aan die een kant het dit Stellenbosch genoodsaak om voort te bou op die hoë standaarde wat die instelling as ’n wêreldklas-navorsingsuniversiteit bereik het. Maar dit het ook verandering van die Universiteit geverg. Die Universiteit het daarom erken dat hy ’n rolspeler in die ongeregtighede van die verlede was. En ook ’n verbintenis verklaar om dit te herstel, wat nagestreef sal word deur:

- Billikheid – die bou van ’n personeel- en studentekorps wat demografies meer verteenwoordigend van die samelewing is; en
- Diens – die bevordering van ontwikkeling teen die agtergrond van die dringende behoeftes in Suid-Afrika en die res van die vasteland.

Toe ek drie jaar gelede as rektor aangestel is, het ons hierdie idees in die bestuurspan bespreek, en onsself daartoe verbind om hierdie toewyding prakties te verwesenlik. Ek is trots om te kan sê dat die Universiteitsgemeenskap hierdie visie heelhartig ondersteun het.

’n Kampuswye proses van intensiewe beraadslaging het hierop gevolg, waarin ons bestuurspan ’n sleutelrol gespeel het. Hierdie span het bestaan uit prof Julian Smith, Viserektor vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel; prof Arnold van Zyl, Viserektor vir Navorsing; prof Magda Fourie, Viserektor vir Onderrig; en prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur vir Bedryf en Finansies.

Die span is deur die dekane van ons tien fakulteite ondersteun. Soos so treffend deur die baniere buite hierdie saal uitgebeeld, waarop enkele van die talle betrokke individue verskyn: “Ons” – die hele Universiteit – “is die HOOP Projek”.

Een bron van inspirasie vir hierdie plan was die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MOD’s) waarop wêreldleiers in 2000 ooreengekom het. By die Universiteit Stellenbosch het ons na internasionale en nasionale ontwikkelingsagendas gekyk, en ons eie sterk punte en doelwitte as ’n instelling opgeweeg om te kyk hoe ons ’n bydrae kon maak. Uiteindelik het ons vyf temas uit die MOD’s gehaal om ons kernaktiwiteite van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie te rig.

Ons vyf ontwikkelingstemas is die uitwissing van armoede en verwante toestande, en die bevordering van menswaardigheid en gesondheid, demokrasie en menseregte, vrede en veiligheid, asook ’n volhoubare omgewing en ’n mededingende nywerheid.

Ons visie vir ons land en vasteland is ’n toekoms sonder armoede, waar die menswaardigheid van alle mense beskerm word, waar ons maatskaplike en ekologiese stelsels gesond is, en waar vrede, veiligheid en demokrasie beskerm word. Ons wil ’n sigbare rol in die verwesenliking van hierdie visie speel.

Die HOOP Projek vergestalt die Universiteit se verbintenis om ’n rol te speel in so ’n land, so ’n vasteland, so ’n wêreld.

Deur ’n benadering van wetenskap-vir-die-samelewing te volg, dra ons tot tasbare verandering in gemeenskappe by. Hetsy dit hernubare energieverskaffing vir die streek, voedselveiligheid in Suider-Afrika, konflikbeslegting in gemeenskappe wat deur armoede en geweld verskeur is, of landelike gesondheidsorg en ontwikkeling is, ons span ons wetenskap in om aan die land en die vasteland se dringendste behoeftes te help voorsien.

**INISIATIEWE VAN HOOP**

Hoe doen ons dit? Leiers, akademici, navorsers en studente in ons verskeie fakulteite het meer as 20 hoopgewende akademiese inisiatiewe ontwikkel – van die Ukwanda Landelike Kliniese Skool (www.diehoopprojek.co.za/ukwanda) vir die opleiding van dokters en gesondheidsorgwerkers vir landelike gebiede tot die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut (www.diehoopprojek.co.za/water), ’n interdissiplinêre onderneming om die kosbare waterhulpbronne van ons land en vasteland te help bewaar en volhoubaar te benut.

Daar is so baie opwindende inisiatiewe dat ek maklik tot moreoggend kan praat. U kan meer oor al ons inisiatiewe in *HOOP Nuus* (http://www.myvirtualpaper.com/doc/stellenbosch-University/hoop-nuus-afrikaans/2010072001) en die HOOP Projek-brosjure lees wat vanaand hier beskikbaar is (www.diehoopprojek.co.za).

Benewens die verskeie akademiese inisiatiewe, sluit die HOOP Projek ook stappe in wat deur die Universiteit gedoen is om sy posisie as ’n toonaangewende instelling van hoër onderwys in die 21ste eeu in stand te hou. Dít doen ons deur:

- Studente, navorsers, dosente en steunpersoneel van die hoogste gehalte te werf, en hulle daadwerklik by te staan sodat hulle die beste resultate lewer;
- Die verbetering van ons diversiteitsprofiel;
- Die verdere uitbreiding van nagraadse studie; en
- Die oprigting van uitstekende fasiliteite en infrastruktuur.

Op dié manier kan ons ’n plek van belang en betekenis wees. Ons werk hard daaraan om ’n multikulturele, nierassige, diverse instelling van uitnemendheid te wees – een wat ook sy billike verantwoordelikheid teenoor Afrikaans nakom.

Ek wil graag ’n voorbeeld noem van wat ons doen om studentesukses te bevorder.

Stellenbosch is die eerste instelling in Suid-Afrika met ’n Eerstejaarsakademie, ’n universiteitswye inisiatief om die akademiese sukseskoerse van ons nuwe studente te verbeter. In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe alleen het hierdie inisiatief gelei tot ’n verbetering in die slaagsyfer van 92% tot 96% oor die afgelope drie jaar, terwyl dit terselfdertyd ons inname van studente uit benadeelde skole verhoog het. Oor al ons fakulteite heen het die sukseskoers van die eerstejaarskohort ’n hoogtepunt van 87% bereik.

**SLUIT BY ONS AAN**

As ons van diens tot die samelewing en ’n plek van uitnemendheid wil wees, moet ons verseker dat ons aktiwiteite volhoubaar is. Ons kan dit nie doen sonder die bystand van ons vennote, netwerke en ondersteuners nie.

Vanaand is dus nie net ’n bekendstelling van die HOOP Projek nie, maar ook ’n uitnodiging aan individue, alumni, vriende, maatskappye en organisasies om betrokke te raak en ons te help om die wêreld te verander.

Universiteite regoor die wêreld is onder ongelooflike finansiële druk met subsidies wat verlaag word en die eise van toegang, relevansie en uitnemendheid wat toeneem.

In Suid-Afrika is onderwys een van die regering se strategiese prioriteite, en hoëronderwys word goed ondersteun. Die Universiteit Stellenbosch is dankbaar vir die regeringsondersteuning wat hy ontvang, maar ongeag hierdie steun het dit duidelik geword dat subsidies en klasgelde alleen nie meer genoegsaam is vir alles wat ons op hierdie kritieke tydstip moet doen nie.

As deel van die HOOP Projek stel ons dus vanaand die grootste fondsinsamelingsveldtog nog by ’n Afrika-universiteit bekend. Ons doelwit is om bydraes van ten minste R1,75 miljard teen 2015 in te samel.

Ons kan met trots aankondig dat ons die afgelope drie jaar – in die stil fase van die HOOP Projek – nagenoeg R500 miljoen deur filantropiese bydraes ingesamel het. Meer as 4 500 skenkers het die Universiteit sedert my inhuldiging in April 2007 ondersteun, toe die idee van die Universiteit as ’n sentrum van hoop vorm begin aanneem het.

Iemand wat die idee van hoop deur diens aan die samelewing beliggaam het, was die US se voormalige kanselier, dr Frederick van Zyl Slabbert, wat ongelukkig in Mei vanjaar oorlede is. Die Universiteit beoog om hulde te bring aan hom deur die Frederick van Zyl Slabbert Instituut vir Leierskapsontwikkeling tot stand bring. Daar sal onder meer gefokus word op die ontwikkeling van jeug- en studenteleiers met ’n verantwoordelikheidsin teenoor die land en sy mense.

Dr Van Zyl Slabbert se opvolger, dr Johann Rupert, is nie net ons nuwe kanselier nie, maar ook ’n weldoener van die Universiteit. Hy het die instelling van ’n gesubsidieerde leerstoel in Intellektuele Eiendom aan die Universiteit teen die agtergrond van die HOOP Projek bekendgestel. Hierdie leerstoel sal deur Richemont, die maatskappy waarvan hy die uitvoerende voorsitter en hoof-uitvoerende beampte is, befonds word.

Ons is tans besig met onderhandelings om hierdie skenking, wat moontlik die eerste volledig gesubsidieerde leerstoel aan die Universiteit sal wees, te finaliseer.

Die HOOP Projek het sy eerste geldelike inspuiting by die Raad van die Universiteit gekry. ’n Bedrag van R320 miljoen is uit bestaande Universiteitsfondse hertoegewys. Dít word onder meer as hefboom gebruik vir nog befondsing by die staat en ander instellings.

Die Ministerie van Hoër Onderwys en Opleiding het dan ook R192 miljoen aan die Universiteit bewillig vir die vernuwing en uitbreiding van bestaande fasiliteite en geboue.

Ons 4 500 donateurs sluit nasionale en internasionale alumni, vriende van die Universiteit, korporasies, stigtings, trusts en ontwikkelingsagentskappe in.

Van alumni wat gereeld klein skenkings doen, tot diegene wat by magte is om groot skenkings te doen, en dié wat hul toewyding deur erflatings getoon het – ons waardeer jul bydraes en vennootskap met die Universiteit opreg.

Ons bedank al ons skenkers vir hul vertroue en versiendheid om in die Universiteit Stellenbosch te belê, waardeur ons vermoë om ’n verskil te maak, bevorder is.

Ons kan nie vanaand almal by name noem nie, maar al die besonderhede sal binnekort op die webtuiste verskyn (www.diehoopprojek.co.za).

Een van die doelwitte van hierdie veldtog is om meer van ons alumni te inspireer om hul alma mater te ondersteun. Ons wil graag die koers van diegene wat in die Universiteit terugploeg van 2% tot nader aan 10% verhoog.

Drie onlangse Stellenbosch-graduandi, Nico Mans, Paul Antohnie en Alphonso Primo, stel ’n uitstekende voorbeeld in hierdie verband. Hulle het onlangs ’n beursfonds gestig om minderbevoorregte studente te help. Dít na aanleiding van hul eie ervaring op kampus, toe hulle geldelik gesukkel het om kop bo water te hou, maar vasgebyt het omdat hulle die belang van opvoeding besef.

Hierdie jong Stellenbosch-alumni het aanvanklik elke maand R100 weggesit, en toe hulle R4 000 gespaar het, het hulle die Universiteit genader en ’n beursfonds vir behoeftige studente gestig. Hulle noem dit die MAP-beurs, op grond van die eerste letter van hul vanne – Mans, Antohnie en Primo.

Paul Antohnie is deesdae ’n kandidaat-prokureur by ons Regshulpkliniek, Nico Mans is onderwyser by Leeu-Gamka Primêr, en Alphonso Primo het in Korea Engelse klasse gegee en is nou tydelik aan ons Sentrum vir Voornemende Studente verbonde.

Dit is egter nie net mense met bande met die Universiteit wat ons werk ondersteun nie. Onder die onlangse erflatings wat ek wil noem, is dié van me Marietjie Kuchler, wat die grootste skenking nagelaat het wat ons nog van 'n individu ontvang het – en sy was nie 'n alumnus nie.

Daar is ook maatskappye wat spesifieke inisiatiewe ondersteun, en toonaangewende plaaslike en internasionale filantropiese stigtings wat die Universiteit ondersteun. Bydraes kan vir leerstoele, beurse, navorsing, ons biblioteekdiens, koshuise en fakulteite gemaak word.

Die lewering van die volgende generasie akademici is 'n belangrike vraagstuk waarvoor universiteite te staan kom. Twee stigtings – een internasionaal, die ander een plaaslik – het onlangs fondse aan die Universiteit geskenk om ons hiermee te ondersteun.

Die Andrew W Mellon-stigting van die VSA het R6 miljoen geskenk vir beurse vir jong nagraadse studente en nadoktorale navorsingsgenote in die sosiale wetenskappe. Die Claude Leon-stigting van Suid-Afrika het 'n aansienlike toekenning aan nagraadse studente op die gebied van wetenskap en ingenieurswese gemaak.

Dit is duidelik dat ons reeds aansienlike plaaslike en internasionale ondersteuning ontvang het, en ons weet dat ons nog baie vennote sal bykry. Dit is beduidend dat ons strategiese vennote ons visie van 'n bouer van hoop ondersteun, asook die stappe wat ons gedoen het om te verseker dat die Universiteit Stellenbosch se trotse tradisie van uitnemendheid in stand gehou word. Hul bydraes is 'n mosie van vertroue, maar ook 'n belegging in 'n beter toekoms.

**VIRTUELE BRUG**

Ons kom nou by die verrassing waarvan ek aan die begin van my toespraak gepraat het.

Soos baie van julle weet, het die Universiteit Stellenbosch 'n sterk vennootskap met die *Rensselaer Polytechnic Institute*, die oudste tegnologiese navorsingsuniversiteit in die VSA. Ons het verlede jaar 'n ooreenkoms gefinaliseer om kapasiteitsbou in wetenskap en ingenieurswese te verseker, en om die jeug aan te moedig om hul studies op die wêrelduitdagings van ons tyd te rig.

Dr Shirley Ann Jackson, die president van Rensselaer, het ons verlede jaar besoek. Sy is deur *Time* beskryf as "moontlik die toprolmodel vir vroue in wetenskap" en deur die *United States National Science Board* as 'n "nasionale skat", en was die eerste vrou om 'n doktorsgraad in partikelfisika aan die *Massachusetts Institute of Technology* te behaal.

Haar presidentskap by Rensselaer as die instituut se eerste vroulike en swart president – aangevuur deur haar missie van "Why not change the world" – het toegesien dat die instituut as 'n leier in onderrig en navorsing in wetenskap, ingenieurswese, bestuur, en lettere en sosiale wetenskappe getransformeer en geherposisioneer is. Onder haar leierskap het Rensselaer sy ontwikkelingsveldtog van $1,4 miljard verlede jaar suksesvol voltrek.

Ek het vroeër vanjaar by Dr Jackson aangedoen tydens my suksesvolle besoek aan die VSA om ondersteuning vir die HOOP Projek en ander inisiatiewe te werf. Ons het 'n aantal belangrike vraagstukke bespreek, met inbegrip van hoe ons universiteitsuitruilooreenkomste na die volgende vlak kan neem. Rensselaer se "Virtuele Brug na Afrika" het aan hierdie vereistes voldoen.

Die Virtuele Brug gee die toon aan vir opvoedkundige uitruilooreenkomste en navorsingsamewerking oor afstande heen. Hierdie brug is van bewegende fotons eerder as staal gebou, en sal hoëkapasiteit-optieseveselkabels gebruik om inligting vanaf Stellenbosch via Kaapstad na Londen, oor die Atlantiese Oseaan, tot in die NYSERNET-lus wat die staat New York oorspan, en reguit tot in Rensselaer te stuur.

Dr Jackson is vanaand daar, maar sluit nou lewendig by ons aan oor die Virtuele Brug. Oor na jou, Shirley ...

[Shirley Jackson se inset via Virtuele Brug]

Dankie, Shirley! Ek moet noem dat Dr Jackson my mentor is, en ons in die ontwikkeling van die HOOP Projek ondersteun het. Die Virtuele Brug demonstreer wat bereik kan word deur innoverende samewerking tussen instellings wat 'n visie in gemeen het.

Die Universiteit Stellenbosch bou ook tans vennootskappe met ander Afrika-universiteite deur ons Nagraadse Skool (www.diehoopprojek.co.za/nagraadseskool), Afrika Doktorale Akademie en die Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademici (PANGeA).

**SAMEVATTING**

Dames en here, 'n paar negatiewe stereotipes van Afrika is verpletter deur Suid-Afrika se onlangse suksesvolle aanbieding van die Sokkerwêreldbeker. Dit het die wêreld se persepsie van Afrika verander.

Belangriker egter: Afrika se Wêreldbeker het Afrika se oë vir sy eie potensiaal geopen. Dit het die mense van hierdie vasteland verenig soos nog nooit tevore nie – nie om politieke slagspreuke en bystandsprogramme nie, maar om trots in ons eie prestasies. Dit het Afrika oortuig dat hy sy kop op die wêreldverhoog omhoog kan hou.

Ons uitdaging is nou om hierdie momentum vol te hou. En die beste manier om dit te doen, is deur in onderwys te belê. Hoëronderwys, spesifiek, ontsluit en dra betroubare kennis oor, wat gebruik kan word om die wêreld ten goede te verander. En dit bring professionele mense in 'n verskeidenheid gebiede voort, en rus hulle toe met die nodige vaardighede om leierskapsrolle in die samelewing te vervul en die ekonomiese groei wat nodig is om mense se lewens te verbeter, aan te vuur.

Die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek is pasgemaak vir hierdie uitdaging. Dit stel ons in staat om ons vernaamste sterkpunte in te span om van Afrika se grootste probleme aan te pak, en op die koop toe die menslike hulpbronne wat die vasteland benodig om na die volgende vlak te vorder, te ontwikkel.

Dames en here, ons leef in 'n snelveranderende wêreld wat groot eise aan ons stel. Die 21ste eeu se kennisekonomie vereis voortdurende aanpassings. Terselfdertyd leef ons nog met die nalatenskap van die 20ste eeu saam. Die HOOP Projek stel ons in staat om bestaande probleme en toekomstige uitdagings met ewe veel mening te takel.

Die HOOP Projek is die regte ding om te doen. Nou is die regte tyd vir hoop. Ons toekomstige generasies verdien niks minder nie.

-o0o-

**BRONNE**

**Barnett, Ronald**. 2000. *Realizing the university in an age of supercomplexity*. Society for Research into Higher Education.

**Lange, Lis**. 2010. *Universities in the 21st century: Global discourse and local reality*. Aanbieding by Stellenbosch University's Institutional Planning Forum, Winter.

**Universiteit Stellenbosch (US)**. 2000. *'n Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná*. URL: *www.sun.ac.za/university/stratplan/strat_afr.htm*

-o0o-